

Liefdegawes

Onder die diens: Barmhartigheidsfonds om hulp te verleen aan lidmate van die Gereformeerde Kerk Randburg (GKR) wat in finansiële nood verkeer.

By die deure: Soweto-predikante om die predikante van Soweto finansiëel te ondersteun.

Gedagte vir die week

Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom.

Filippense 1:6

Dankie

Dankie aan al die **diensgroepvrywilligers** wat by die eredienste help – met blomme, koffie maak, koekies bring, klank en beeld, groet, taalversorging en meeleeffasilitering.

Nuwe intrekkeers en besoekers

Baie welkom by die GKR. Voltooi gerus die welkomblaadje in die voorportaal as jy meer wil weet of by ons wil inskakel. Gooi dit in die “Gesels met ons”-posbus in die voorportaal.

Amptelik

Ds. Joop is met **verlof** van 2 November tot 7 Januarie 2026. Die verlof is saamgestel uit sy gewone jaarlikse verlof en vyfjaarlikse langverlof-verrykingsverlof (Sien die “het jy geweet” artikel vir ’n verduideliking).

Ds. Stephanu lei vanoggend die erediens by GK Johannesburg-Suid.

GK-Almanak 2027

Die **Almanak van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika vir 2027** kan nou bestel word. Dit kos R140 elk. As jy graag ’n Almanak wil bestel, stuur ’n WhatsApp of e-pos na die kerkkantoor. **Betaling** kan in die rekening vir diakonale dankoffers gemaak word (verwysing Almanak). Kontantbetalings kan in ’n koevert in die dankoffergleuf in die voorportaal geplaas word. Skryf “Almanak” en jou naam op die koevert. **Sluitingsdatum vir bestellings is 4 November 2026.**

Kerssangaand – Ons Heiland is gebore!

Kom vier saam met ons die wonder en vreugde van **Jesus se geboorte** tydens ons Kerssangaand op DV **Sondag 15 November**. Deur mooi musiek, Kersliedere en kosbare samesyn wil ons saam stilstaan by die grootste geskenk van almal: Jesus Christus, ons Heiland! Die orrelvoorspel (variasies op Bybelse Kersfeesliedere) begin reeds om **17:30**. Almal word hartlik uitgenooi om deel te wees van hierdie besondere aand van lof, aanbidding en gemeenskap.

Bring asseblief ook 'n **bordjie eetgoed** saam wat ons ná die diens met mekaar kan deel.
 Kom geniet die musiek, kuier saam en vier die wonderlike boodskap van Kersfees!
Ons Heiland is gebore – kom vier dit saam met ons!

Verjaarsdae

Sondag 1 November			
Gerda de Vries (80)	069 268 7326		WS 07
Yvette Harmse	082 828 0712		NO 02
Dinsdag 3 November			
Martin Overvliet (73)	083 340 0341		WS 07
Woensdag 4 November			
Wian Badenhorst	063 624 4810		SO 09
Marthie Howell (88)	072 224 7401		WA 03
Barbie Roberts	082 926 9215		NO 13
Riley Rossouw (12)	082 447 8207 (Jessica)	083 222 9839 (Leon)	
Donderdag 5 November			
Anke de Vries	072 129 7506		NO 04
Michelle Massyn	072 887 3979		NO 10
Gustav Smit	072 238 0579		NO 11
Rinda van Oosten (79)	062 051 9601		WA 01
Elsabe Welman	082 330 1648		WA 07
Vrydag 6 November			
Luané van der Walt (2)	064 520 6128 (Lèandrei)	082 366 0794 (Luan)	NO 11
Saterdag 7 November			
Johan Howell (88)	082 926 2016		WA 03
Fonz Otto	083 325 5358		ST 03
Gerdi van der Westhuysen	082 824 5386		NO 02
Marnus van Niekerk	083 291 6637		ST 10

Het jy iets by die Dankfees vergeet?

Die persoon wat 'n **5 liter Boerseep-gel** by die Dankfees gekoop het (en vergeet het by Vlok-en-lekker stalletjie) kan Magda Botha kontak by 084 660 4016.

Indien iemand 'n schweswe-eenstuk-vatlap raakloop, kontak asseblief vir Carié Maas by 083 463 4968.

Ons leef met mekaar mee

Baie geluk aan Ben (082 412 8687) en Etresia (082 436 1588) Wentzel met die geboorte van hulle negende kleinkind, Mika. Dis die dogtertjie van Ivan en Sanet Wentzel in die VK. Mag God hulle almal seën tot vreugde vir mekaar en tot sy eer.

Baie geluk aan Tjaart Steyn (Gr.12) wat as DUX leerling by HS Linden aangewys is.

Ons help mekaar

Ons vra graag **donasies** om te help met die **onkoste van ons jeugkamp** wat nie deur die kampgeld gedek word nie. Bydraes kan in die kerk se rekening inbetaal word met die verwysing “GKR-Jeugkamp”. Kontak gerus vir ds. Stephanu vir meer inligting.

Vakature: Koerierbestuurder. ’n Mediese koeriermaatskappy is op soek na betroubare en professionele koeriers om by ons span aan te sluit. Vereistes sluit in:

- Eie betroubare voertuig.
- Bereid om skofte te werk, insluitend naweke, as deel van ons 24-uur-diensleweringsebelofte.
- Moet in Engels en Afrikaans kan kommunikeer.
- Ouderdom: 25-60 jaar.
- Stiptelik en professioneel.

Jou betroubaarheid kan die verskil maak. Stuur jou CV na: michelle@igatzittransport.co.za of kontak Hennie Venter by 072 175 6455.

Indien u weet van ’n **huishulp** wat Maandae en/of Vrydae beskikbaar is om in die Robindale omgewing te werk, kontak my asseblief. Hanli 083 628 0096.

My baie betroubare **huishulp**, Cahlina Zwane, het **ekstra dae** per week **beskikbaar**. Bel my gerus by 083 463 4968 vir ’n verwysing. Carié Maas

Betroubare huishulp beskikbaar. Ons gesin trek aan die einde van die jaar Kaapstad toe. Dit is vir ons baie swaar om ons ongelooflike betroubare huishulp, wat al 14 jaar deel van ons huishouding is, te groet. Sy is eerlik, hardwerkend en ’n absolute skat. Ons beveel haar met die grootste vrymoedigheid en vertroue aan. Sy is beskikbaar vir werk vanaf Januarie 2027. Deeltyds of voltyds. As u of enigiemand wat u ken, hulp in die huis benodig, kontak my asseblief vir haar besonderhede en verwysings. Kontak: Lourika Horn 0796972471

Kom kuier saam

Hoërskoolkamp 2026 | Mount Komati

Ons nooi al ons hoërskoolkinders om saam te kamp by die pragtige High5 Num-Num-roete. Ons gaan drie nagte by Mount Komati tuisgaan (www.num-num.co.za) en van daar af verskillende aktiwiteite aanpak. Daar sal geleentheid wees vir stap, visvang, perdry en swem, en kinders kan deelneem aan die aktiwiteite waarin hulle belangstel. Natuurlik sal daar ook genoeg tyd wees vir lekker kuier, geloofsgesprekke en sommer net om die mooi omgewing te geniet.

4 tot 7 Desember 2026. R1 500 per persoon (ingesluit: verblyf, etes en aktiwiteite). Plek is beperk, skandeer dus nou die QR-kode om in te skryf.



Seniorlidmatefunksie

Alle lidmate van 65 jaar en ouer word hartlik genooi na die laaste ete vir die jaar **Saterdag 14 November vanaf 12:00**. Kom kuier saam en geniet ’n heerlike ete. Bevestig bywoning asseblief teen **11 November** by Lorraine Nel (079 892 1941).

Ons is dankbaar

Baie dankie aan elkeen wat ons Dankfees bygewoon het en saam met ons aan tafel gesit, geëet en gekuier het. Dankie aan almal wat potjies gemaak, pannekoek gebak, produkte verkoop, ekstra kos voorberei, skenkings gemaak het en nog vele meer. Julle bydraes, hulp en ondersteuning het die dag besonders gemaak!

Ons waardeer ook al die positiewe terugvoer wat ons ontvang het. Dit is wonderlik om te sien hoe ons as gemeente saamstaan en saam feesvier.

Dankie dat julle gehelp het om ons tema, "Saam aan tafel", 'n werklikheid te maak!

Ons sien julle volgende jaar – dan maak ons weer so!

Het jy geweet? Of wonder jy ook soms?

As jy enige sake het waaroor jy wonder of 'n antwoord wil hê, kan jy 'n nota in die posbus los. Ons plaas kort insetsels om vrae te beantwoord of terugvoer te gee.

Predikante se vyfjaarlikse verrykingsverlof

Volgens die gemeente se verlofbeleid kwalifiseer predikante vir twee maande (61 dae) se verrykingsverlof ná elke vyf jaar van aaneenlopende diens, bereken vanaf die datum van bevestiging in ons gemeente.

Hierdie verlof bied aan die predikant geleentheid vir persoonlike ontwikkeling en/of rus. Dit moet binne die daaropvolgende 24 maande geneem word en hoef nie aaneenlopend te wees nie. Die beplanning geskied in oorleg met die ander predikante en is onderhewig aan goedkeuring deur die Ouderlinge Koördinerende Vergadering (OKV), met inagneming van die gemeente se bedieningsbehoefte.

Ons gemeente se bankrekening-inligting.

Maandelikse dankoffers: <i>Gereformeerde Kerk Randburg; Absa;</i> <i>Takkode: 632 005; Tjekrekeningnr.: 170340000.</i> Verwysing: <i>Jou lidmaatkode/-nommer + van</i>	Diakonale dankoffers: <i>GKR Barmhartigheidsdiensfonds; Absa;</i> <i>Tjekrekeningnr.: 4082000901.</i>
Snapscan QR-kode: Zapper QR-kode:  	Snapscan QR-kode: Zapper QR-kode:  

As jy nie weet wat jou lidmaatsnommer is nie, kontak die skriba (skriba@gkrandburg.org.za) of die kerkkantoor (kantoor@gkrandburg.org.za).



www.gkrandburg.org.za

Dankie, Home Connect, vir gratis Wi-Fi vir uitsendings.
www.home-connect.co.za

Ds. Charl van Rooy	082 377 5912	charl@gkrandburg.org.za
Ds. Joop van Schaik	082 776 7188	joop@gkrandburg.org.za
Ds. Stephanu de Villiers	076 943 1333	stephanu@gkrandburg.org.za
Koster: Morkel Johl	083 629 7470	koster@gkrandburg.org.za
Kerkkantoor: Karina Voogt	082 404 8478	kantoor@gkrandburg.org.za
Orrelis: Anneliese Marshall	082 524 6414	marshall.anneliese@gmail.com
Rekenmeester: Herman Venter	082 457 3897	finansies@gkrandburg.org.za
Kerkraadskriba: Gert Lindeque	083 283 1180	Skriba@gkrandburg.org.za
Emerituspredikante:	Ds. Koos Saayman (082 338 8150)	
	Ds. Nico Botha (083 629 8740)	
	Ds. Frederik Dreyer (082 873 6634)	
	Ds. Chris Coetsee (072 728 6425)	